Vatikaan en Sandra in sysaal. Sandra is deel van 'n groep damesruiters wat daaraan werk om hierdie elegante rystyl vir vroue te laat herleef

Calela Vatikaan

deur **Izak Hofmeyr**

In SA Boerperdgeledere word daar 'n onderskeid getref tussen die tradisionele rystyl, wat onder meer vyfgang insluit, en die universele rystyl, wat op die klassieke Europese rybeginsels geskoei is. Die huidige universele driegangkampioenskapspaar is Calela Vatikaan en sy ruiter Sandra Bosman van die Edel SA Boerperdstoet by Bronkhorstspruit.

'n Seun van Calela Zara by Vyfhoek Formaat, staan Calela Vatikaan as stoethings saam met Li-Juan Eldorado by die Edel-stoet van Sandra en haar man, Paul Bosman.

"Ons het Vatikaan op een van die jaarlikse prestigeveilings as tweejaar-oue hings gekoop. Dis baie min in 'n ruiter se lewe dat mens op 'n perd klim en onmiddellik weet dat hier iets spesiaals tussen jou en die perd gebeur. In my lewe het dit al drie keer gebeur, en Vatikaan was een van daardie kere," vertel Sandra.

Sy het as junior ruiter vir die Natalse span in dressuur meegeding en ook in skouspring gekompeteer – uitsluitlik op volbloedperde. Met Vatikaan, het sy hom as jong perd aan skoue blootgestel, maar met beperkte sukses.

"Dis toe dat ek al meer op dressuur met hom begin konsentreer het. Ek het gelukkig by Helen Laros, 'n vorige Suid-Afrikaanse dressuurkampioen, uitgekom en vir 'n paar jaar by haar les gekry. Sy werk met 'n spesifieke plan met 'n perd, wat op fleksie en buigings van sy lyf fokus. Die afgelope jaar werk ek saam met Jackie Supra en ek is baie tevrede met ons vordering."

Vatikaan se sukses, sê Sandra, het nie oornag gebeur nie. Dit is die resultaat van 'n stelselmatige opbou en verbetering. "Hier teen 2004, toe hy tien jaar oud was, het hy begin piek en ek dink hy is nou, op 12, in sy fleur." Vatikaan se skouprestasies lees soos 'n storieboek.

"As ons vir 'n dressuurkompetisie inskryf, is ons altyd ten minste onder die eerte vier. Hy is 'n perd wat altyd konstant presteer. Hy is miskien nie 'n 85%-dressuurperd nie, maar hy lewer konstant bo-gemiddelde prestasies. Ek lewe baie eerder saam met 'n perd wat konstant bogemiddeld presteer, as een wat vandag briljant is en môre weer glad nie saamwerk nie.

Sandra en Vatikaan ontspanne by die huis

"Vatikaan is in alle opsigte 'n bogemiddelde presteerder. Dit geld nie net vir die skouring nie, maar ook vir sy nageslag. Hy teel konstant vullens wat beter as hy is."

In 2003, het Sandra en Vatikaan die THS se Mini Novice-kampioenskap gewen en tans is hulle die SA Boerperd- universele driegangkampioene.

"Dis interessant hoe die rolle omgeruil het tussen 2004 en 2005. In 2004 was ons die in-handhingskampioene en die reserwe-driegangkampioene. In 2005 het die rolle net mooi omgeruil en is ons die reserwe in-handkampioen en die grootkampioen onder saal."

Omdat die SA Boerperd vir so lank vir beweging geselekteer is, glo Sandra, het hulle baie goeie beweging vir dressuur. Verder deug hulle as uitstekende springperde vir juniors, weens hulle uitstekende atletiese vermoëns en ratsheid.

"Wat my betref het die Boerperd die vermoë om op mediumvlak in dressuur te kan deelneem. Hy het die beweging daarvoor, en ook die ligvoetigheid wat van hom 'n baie elegante dressuurperd maak. Wat spring betref, dink ek kyk mense vas teen hoogte. Daar is genoeg perde van onder die sestien hand in die internasionale springarenas om te bewys dat hoogte nie die enigste vereiste is nie. Baie belangriker nog, is die hart en atletiese vermoëns van die perd."

Daarom, sê sy, sou sy graag meer Boerperde in die dressuur- en junior skouspringarenas wou sien. Die produk is daar, dis net 'n kwessie van die regte bemarking. **SAH**

Die Merk
van kwaliteit

Die Boerperd brandmerk:
waarmerk van die ware SA Boerperd

Sonder die B-brand is dit nie 'n ware SA Boerperd nie.

Kontak raadslid Hindie van Rensburg
by 082 575 3422
of die sekretaresse Sonja
SA Boerperdtelersgenootskap
051 430 2456